

# Mededinging vanjaar die strafste nóg


**I**nternasionale atlete kom vanjaar vir die eerste keer in aanmerking om die SPAR Grand Prix-titel te verower.

Die Grand Prix-reeks bestaan uit 'n handvol SPAR-vrouewedlope van 10 km elk. Dié wedlope word oor die land heen aangebied en daag vroue-atlete uit om punte te verdien na aanleiding van hul vertoning in elke wedloop. Die algehele wenner verower die Grand Prix-titel.

Vanjaar is 'n sesde wedloop – in Pietermaritzburg – by die

Grand Prix-reeks gevoeg, so elke deelnemer moet nou nog harder werk om vir die titel in aanmerking te kom.

“Die mededinging om die titel te verower is vanjaar die strafste tot nog toe,” sê Jerome Jacobs,



**Duisende deelnemers aan die SPAR-vrouewedloop tooi SuperSportpark in Centurion in 'n see van koraal.**

bemarkingsdirekteur van SPAR se Noord-Rand-streek.

“Van vanjaar kwalifiseer internasionale atlete ook om Grand Prix-punte in te sameel. Alle oë sal op die Zimbabwiese Rutendo Nyahora wees. Sy is 'n sterk aan-

spraakmaker wat nou die kans staan om die titel in te palm.”

- Minder ernstige deelnemers kan aan die 5 km-pretloop deelneem.

Vroue kan hul SPAR-T-hemp op enige manier versier en verfraai,



**Rutendo Nyahora van Zimbabwe is 'n sterk aanspraakmaker om vanjaar die Grand Prix-titel in te palm.**

in hul uitrusting poseer en die foto op die Facebook-blad “SPAR Women's Challenge Pretoria”

plaas om in aanmerking te kom vir koopbewyse in enige SPAR-supermark.

www.petesound.co.za  
Pete: 079 492 1116